



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	35 punte	4
<b>OF</b>		
2. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	35 punte	7
<b>OF</b>		
3. <i>Meeulanders</i>	35 punte	9

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag.

4. <i>Poppie – die drama</i>	35 punte	12
<b>OF</b>		
5. <i>Paljas</i>	35 punte	15

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord ALTWEE vrae by VRAAG 6.

Baby	18 punte	17
<b>EN</b>		
Op soek na Kid Khumalo	17 punte	19

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord ALTWEE vrae by VRAAG 7.

Kontak	17 punte	21
<b>EN</b>		
Woorde	18 punte	22

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepepalseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepepalseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien ironie, vergelyking en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
- Die eerste vraag van die eerste TWEE afdelings wat aangebied is, moet nagesien word.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is.
- Indien die kandidaat twee feite moet gee en beide feite word by een koeëlpunt genoem, moet net die eerste feit nagesien word.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).

**AFDELING A: ROMAN****VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

- 1.1.1 lig (1)
- 1.1.2 olifante (1)
- 1.2 Oom Anneries (1)
- 1.3.1 skuldboek (1)
- 1.3.2 doodskis (1)
- 1.3.3 dwarslêers (1)
- 1.3.4 waenhout (1)
- 1.4
- MacDonald het gelieg oor die gehalte van die hout.
  - MacDonald het hulle verneder.
  - MacDonald het gemaak of die houtkappers dom was.
  - MacDonald het Saul se pa soos 'n hond behandel.  
(Enige TWEE negatiewe dinge) (2)
- 1.5
- Saul het ontdek dat die bloubokkie se gal nie in sy kop gesit het nie.
  - Saul het ontdek dat die grootmense se storie oor die bloubokkie se gal onwaar was/dat die grootmense die leuen oor die bloubokkie se gal geglo het.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.6.1 E Joram (1)
- 1.6.2 F Jozef (1)
- 1.6.3 D Saul (1)
- 1.6.4 B Oom Anneries (1)
- 1.6.5 C Thomas Rex (1)
- 1.7
- Joram was die sterk man van die Bos.
  - Joram was die vaderfiguur.
  - Joram was die leierfiguur van die Bos.
  - Joram was 'n trotse man.
  - Joram wou nie erken dat hy nie kon lees nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 1.8 Ja.  
 • Ek sou beter wou leer lees en skryf.  
 • Ek sou kon sosialiseer.  
 • Daar sou 'n beter toekoms vir my gewees het.  
**OF**  
 Nee.  
 • Ek sou uit gevoel het.  
 • Ek sou skaam gevoel het oor hoe ek lyk.  
 • Die ander kinders sou my gespot het.  
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.9 'n Skuldbewys/bewys/toestemming om op skuld by die winkel te koop. (1)
- 1.10.1 • Kate het gevra of hy van die Bos ("bush") af kom.  
 • Kate het gevra of daar regtig olifante in die Bos was.  
 • Kate het gevra of hy al 'n olifant gesien het.  
 • Kate het gevra of hy kon praat.  
 (Enige TWEE) (2)
- 1.10.2 • Die ander kinders het (vir Kate) gesê dat Saul-hulle Kitchen Dutch praat ("speak").  
 • Die ander kinders het (vir Kate) gesê: "They're wild, these woodcutter's children."/Hulle is wild, hierdie houtkappers se kinders.  
 (TWEЕ dinge) (2)
- 1.11 C engel (1)
- 1.12.1 • Saul het geweier om aan die kalender te kap.  
 • Saul het geweier om sy byl teen die kalender te lig.  
 (Enige EEN) (1)
- 1.12.2 Joram het vir Saul geslaan/gedwing om te kap. (1)
- 1.12.3 Saul het gesê die boom kry seer/die boom lewe/voel/die boom wil nie doodraak nie.  
 (Of soortgelyk) (1)
- 1.13 Ja.  
 • Joram het sy kinders dinge van die Bos geleer.  
 • Joram het vir sy kinders gesorg.  
 • Joram het hard gewerk.  
**OF**  
 Nee.  
 • Joram het Saul weggejaag.  
 • Joram het nie die moontlikheid van 'n beter toekoms vir sy kinders gesien nie.  
 • Joram het die kinders te hard laat werk.  
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 1.14 (Kate was) tien/10 jaar oud. (1)
- 1.15 Die see (1)
- 1.16 A werk vir hullesewens. (1)
- 1.17.1
- Om **Engels** te praat.
  - Om **Engelse** boeke te lees.  
(Enige EEN) (1)
- 1.17.2 Kate se vriendin/Jane (Stewart). (1)
- 1.18 Ja.  
Jozef het gesê Saul het:
- die **Bos verlaat/in die dorp gaan werk.**
  - vir die **vyand begin werk.**
  - van die weggesteekte ivoortande vertel.
  - geklik dat die Bosmense verkeerde hout/ongemerkte bome gekap het.
- OF**  
Nee.
- Jozef het Saul **vals beskuldig**./Saul was onskuldig.
  - Jozef het sy **beskuldigings op leuens gegrond.**
  - Elke mens kan besluit waarheen hulle wil gaan.
  - Dis verkeerd om mense name te noem.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.19 Ja.
- Saul moes aan die lewe bly.
  - Dit was 'n manier waarop Saul kon help om die Bos te bewaar.
- OF**  
Nee.
- Saul kon nou weer beskuldig word van verraad.
  - Die besluit het verdere verwydering tussen hom en sy gesin gebring.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 1.20
- Saul het opgestaan vir waarin hy glo.
  - Saul het ambisie gehad.
  - Saul het nie moed opgegee nie.
  - Saul het omgegee vir sy familie.
  - Saul was 'n harde werker.
  - Saul wou die natuur bewaar.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [35]**

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver**

- 2.1
- Margot sou nie (met huistake) wou help nie.
  - Margot sou net bedien wou word.  
(Enige EEN)
- (1)
- 2.2 Gavin
- (1)
- 2.3.1
- Alles aan Margot was vals.
  - Margot se naels was vals.
  - Margot se hare was vals.
  - Margot se tande was onnatuurlik wit.
  - Margot was oordrewe vriendelik.
  - Margot het haar seuns/gesin verlaat (om Amerika toe te gaan).
  - Margot was behep met oefening.
  - Hanna was jaloers op Margot se voorkoms.  
(Enige TWEE)
- (2)
- 2.3.2 Ek dink Margot was:
- opgewonde/bly
  - senuweeagtig
  - bang
  - onseker
  - skuldig  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 2.4.1 Beyers (se klere/s'n)
- (1)
- 2.4.2
- Gavin se motor het in die modder vasgeval.
  - Gavin moes in die reën/deur die modder strompel.
  - Gavin se klere was nat/vuil.
  - Gavin se tas was nog in die motor.  
(Enige TWEE)
- (2)
- 2.4.3
- Gavin was as mode-ontwerper baie gesteld op sy klere.
  - Gavin het 'n goeie kleresmaak gehad (hy koop graag in Parys).
  - Gavin het daarvan gehou om dramaties te reageer.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 2.5.1 mode-ontwerper
- (1)
- 2.5.2 kunstenaar
- (1)
- 2.5.3 radio-omroeper
- (1)
- 2.5.4 aktrise
- (1)

- 2.6
- Hanna en Gavin het begin kommunikeer.
  - Hanna het die positiewe eienskappe in Gavin raakgesien.
  - Daar was meer fisiese kontak tussen Hanna en Gavin.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.7 D positief teenoor almal opgetree. (1)
- 2.8.1 Beyers (1)
- 2.8.2 Hulle het saam gaan stap. (1)
- 2.9.1 Margot (1)
- 2.9.2 Ja.
- Die konsert het die gesin nader aan mekaar gebring.
  - Die gesin het mekaar se talente raakgesien.
  - Die gesin het saam pret gehad.
- OF**  
Nee.
- Tibo en Amos het begin baklei.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.10.1 D Hanna (1)
- 2.10.2 C Sharon (1)
- 2.10.3 B Margot (1)
- 2.10.4 E Mana (1)
- 2.10.5 A Cecilia (1)
- 2.11 C Ditjie (1)
- 2.12
- Gavin het op en af gestap.
  - Gavin het gerook.
  - Gavin het dikwels sy vingers deur sy hare gestryk (en amper sy hare aan die brand gesteeke).
  - Gavin wou nie betrokke raak nie.
  - Gavin het gepiep soos 'n muis.
  - Gavin het nie direk met Mana gepraat nie.  
(Enige EEN) (1)
- 2.13 Botterberg (1)
- 2.14
- Margot het ander mense gehelp.
  - Margot het omgee vir ander mense.
  - Margot was onselfsugtig.
  - Margot was kalm/beheersd.
  - Margot was nederig.
  - Margot het goeie leierskapeienskappe getoon.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)



- 2.15
- Hanna en Sharon moes 'n paar potte water op die stoof sit.
  - Hanna en Sharon moes Margot help.  
(Enige EEN) (1)
- 2.16.1 perfek (1)
- 2.16.2 Fabienne (1)
- 2.17
- Sharon het lekker gekuier.
  - Sharon sou/kon meer tyd saam met Yann gehad het.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.18.1
- Hanna se alter ego.
  - 'n Karakter in Hanna se verhale.  
(Of soortgelyk) (1)
- 2.18.2 Ja.
- Ek was bly, want Hanna het nie meer 'n alter ego nodig gehad nie.
  - Ek was bly, want Hanna het haar familie aanvaar.
- OF**
- Nee.
- Fabienne het die verhaal interessant gemaak.
  - Fabienne het vir my deel van Hanna se storie geword.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.19 Haar eie lewe/(gesins)lewe.  
(Of soortgelyk) (1)
- [35]**

### VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

Tema: Keuses

Boodskap: Die optrede van die volwasse karakters in hierdie verhaal, raak Janka telkens direk.

- 3.1
- Dit wys dis 'n dagboekinskrywing.
- Om te sê:
- op watter dag Ryna hierdie inskrywing in haar dagboek gemaak het.
  - op watter datum Ryna hierdie inskrywing in haar dagboek gemaak het.  
(Of soortgelyk) (2)
- 3.2
- Elsabet het toe in Salamanderbaai se hotel gebly.
  - Elsabet was besig om van Jacob te skei.
  - Elsabet het weggegaan van die eiland af.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.3 'n tronk (1)

- 3.4
- Jacob was 'n introvert.
  - Jacob het nie baie gepraat nie.
  - Jacob het nie maklik gekommunikeer nie.
  - Jacob het sy gevoelens/emosies vir homself gehou.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.5
- Jannerik was Janka se oupa.
  - Janka was Jannerik se kleindogter.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.6 B Ryna (1)
- 3.7 Jacob en Elsabet sou miskien besluit oor wat met Janka moes gebeur/waar Janka moes bly.  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.8
- Jannerik se vrou is oorlede.
  - Kinnie/Veronica (sy dogter) is oorlede.
  - Jannerik kon vir niemand buite Meeuland gesê het dat Janka sy kleindogter was nie.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 3.9 Jannerik het 'n boom geplant (sodat die seer in die takke kon ingroei).  
(Of soortgelyk) (1)
- 3.10
- Jannerik het vir Ryna met haar huis gehelp.
  - Jannerik het Ryna laat welkom voel met haar aankoms.
  - Hulle het sonder woorde verstaan wat in die ander een se hart aangaan.
  - Hulle het alles met mekaar gedeel en daarvoor gepraat.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.11
- Elsabet het 'n verhouding met Fred gehad toe Sheila nog gelewe het.
  - Elsabet het om die verkeerde redes met Jacob getrou.
  - Elsabet het te veel gedrink/'n drankprobleem gehad.
  - Elsabet het haar toevlug tot pille geneem.  
(Enige DRIE feite of soortgelyk) (3)
- 3.12 Jacob wou aan die begin van die verhaal nie vir Ryna op Meeuland hê nie, ✓ maar na Janka se geboorte was hy afhanklik van Ryna/het hy Ryna se hulp nodig gehad. ✓  
(Of soortgelyk) (VERSKIL. Beide kante moet genoem word.) (2)
- 3.13
- Dat die waarheid oor die baba sou uitkom.
  - Dat iemand sou uitvind van die babas wat omgeruil was.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.14 Om oor die CB/bandradio met mekaar te praat.  
(Of soortgelyk) (1)

- 3.15
- Janka het Meeuland geken/liefgehad.
  - Elsabet kon nie vir Janka van Jacob af wegvat nie.
  - Daar was mense wat Janka goed versorg het/liefgehad het.
  - Dit was Janka se grootwordplek.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.16.1 B Elsabet (1)
- 3.16.2 D Sheila (1)
- 3.16.3 A Doreen (1)
- 3.16.4 E Ousanna (1)
- 3.17
- Attie wou by Ryna wees.
  - Attie was verlief op Ryna.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.18 D onwettig kreef geduik (1)
- 3.19 Skalla het vir Janka raakgeskiet. (1)
- 3.20
- Ek sou dadelik die polisie gebel het.
  - Ek sou eers vir Janka gehelp het.
  - Ek sou Skalla iets aangedoen het.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.21 Ant Hansie (1)
- 3.22 As:
- moeilikheidmaker
  - droster
  - probleemmaker
  - ongedissiplineerd
  - skelm  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.23
- Jacob het vir Skalla geskiet.
  - Skalla is doodgeskiet/dood/het gesterf.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 3.24 Ja.
- Jacob het sy eerste liefde verloor.
  - Jacob het amper vir Janka verloor.
  - Jacob moes tronkstraf uitdien.
  - Jacob het uit selfverdediging opgetree.
- OF**  
Nee.  
'n Mens neem nie die reg in eie hande nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 3.25
- Skalla het Ryna se seun (Ronnie) se dood veroorsaak.
  - Skalla het die brand in Ryna se huis veroorsaak.
  - Skalla was saam met Ryna se man (Vincent) by onwettighede betrokke.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 3.26
- Ja.
- Die verhaal is objektief vertel.
  - Verskillende karakters se gevoelens/perspektiewe word gegee.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- TOTAAL AFDELING A: 35**
- [35]**

**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 4: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- 4.1
- Poppie het drie kindertjies by die huis gehad.
  - Stone (haar man) was baie siek.
  - Poppie was swanger/weer met die lyf.  
(TWEË redes) (2)
- 4.2.1
- Vroue wat met mans van die Ciskei getroud was, het nie meer outomaties vir 'n pas gekwalifiseer nie.
  - Poppie was met 'n man van die Ciskei getroud.
  - Poppie se man het nie meer in die Kaap vir 'n pas gekwalifiseer nie.
  - Poppie se man het kontrakwerk gedoen.
  - Poppie was nie op haar ma se huiskaart nie.  
(Enige EEN) (1)
- 4.2.2
- kwaad
  - ongelukkig/hartseer
  - gefrustreerd  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.3 C Hoedjie (1)
- 4.4.1 (By die Philippi)-melkery/dairy (1)
- 4.4.2 Die mense het siek geword. (1)
- 4.4.3 Sondae (1)
- 4.5.1
- Poppie het van Sondag tot Sondag gewerk (en vir Stone min gesien).
  - Die enigste dag wat Poppie vir Stone kon gaan kuier, was op 'n Sondag.
  - Daar was te min busse op Sondae (sodat sy nie maklik by Stone kon kom nie).
  - Poppie het te laat by Stone aangekom.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.5.2
- Dit was vir Poppie te moeilik om die kinders so vroeg in die oggend alleen te los/met gesmeerde brood en koue tee te los.
  - Die kinders was nie goed versorg nie.
  - Poppie se kinders het kinkhoes gekry/siek geword.  
(Enige EEN) (1)
- 4.6 Die mense het te min/slegs 3 pond betaal. (1)
- 4.7
- Mrs Retief was positief oor die baba.
  - Mrs Retief het gesê die Here sou sorg.
  - Mrs Retief het Poppie bemoedig.
  - Mrs Retief het vir Poppie werk gekry.  
(Enige TWEË) (2)

- 4.8.1 geld te verdien (1)
- 4.8.2 jaloerse (1)
- 4.9.1 Jakkalsvlei (1)
- 4.9.2 Rondebosch (1)
- 4.10.1 B Mbatane (1)
- 4.10.2 D Plank (1)
- 4.10.3 F Stone (1)
- 4.10.4 E Mr Stevens (1)
- 4.10.5 C Jakkie (1)
- 4.11.1 gewond (1)
- 4.11.2 Mdantsane (1)
- 4.12 Bonsile (1)
- 4.13.1
- Die polisie het vir Bonsile gevang.
  - Jakkie het na Basoetoland toe weggehardloop.
  - Jakkie het nie teruggekom van Basoetoland af nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.13.2
- Ek was kwaad.
  - Ek het gehuil/was hartseer/ongelukkig.
  - Ek was ontsteld.
  - Ek het gevoel hulle verdien dit.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.14
- Die polisie moes nie Poppie se kinders vang nie.
  - Die polisie moes ophou om almal te vang/in hegtenis te neem.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.15
- Poppie se kinders was veronderstel om veilig in Ciskei te wees✓, maar daar het Poppie se kinders in die moeilikheid beland✓.
  - Poppie het swaargekry sodat hulle kon skoolgaan✓, maar van hulle het opgehou skoolgaan✓.
  - Aan die begin was Poppie negatief oor die Ciskei ✓, maar nou was dit die plek waar sy geglo het dat haar kinders veilig was ✓.  
(Enige EEN) (IRONIE. Beide kante moet genoem word.) (2)

- 4.16.1
- Bonsile het 'n meisie swanger gemaak.
  - Bonsile wou nie na Mdantsane toe trek nie
  - Bonsile was rebels.
  - Bonsile het by Jakkie se wegvlug betrokke geraak.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.16.2
- Ja.
- Poppie het die regte besluite oor Bonsile geneem.
  - Poppie het gesorg dat Bonsile by 'n skool uitkom.
  - Die mans kon Bonsile in die hostel seergemaak het.
- OF**
- Nee.
- Poppie moes Bonsile toelaat om sy les op sy eie te leer.
  - Poppie moes Bonsile (in die Kaap) by sy pa gelos het.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.17.1
- Vukile (1)
- 4.17.2
- Poppie het nie geweet of Fezi gevang is nie.
  - Poppie het nie geweet waar Fezi toe was nie.  
(Enige EEN) (1)
- 4.18
- B Nkosi sikelel' iAfrika (1)

**[35]****OF****VRAAG 5: PALJAS - Chris Barnard**

- 5.1
- Manuel het agter in die kerk gaan sit. (1)
- 5.2
- Die nar kon nie verstaan hoekom hy nie in die kerk mag wees nie.
  - Die nar het gedink die kerk was vir almal.
  - Die nar het nie geweet wat hy verkeerd gedoen het nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.3
- Die dominee het gedink hy maak 'n grap/bespotting van die kerk.  
(Of soortgelyk) (1)
- 5.4
- Niemand behoort by die kerk uitgejaag te word nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 5.5.1
- Die nar het in 'n boom weggekruip. (1)
- 5.5.2
- Die nar het die fiets onder die heining weggesteek. (1)
- 5.6
- A Frans op Katrien verlief was. (1)
- 5.7.1
- Die polisie het na Willem gesoek.
  - Hendrik het Willem as vermis gaan aangee.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 5.7.2
- Willem se ouers het die polisie verniet geroep (Willem was by die huis).
  - Willem, Katrien en Hendrik het verf op hulle gesigte gehad.
  - Willem het snaaks opgetree.
  - Die tekening op die skuur se muur.
  - Die vuurmaakplek wat soos 'n altaar gelyk het.
  - Die swart tafeldoek met die bobebaanskedel/leeutande.
  - Hendrik het gesê Willem toor.  
(Enige EEN of soortgelyk). (1)
- 5.8.1
- In die skuur
  - Teen die skuur se muur  
(Enige EEN) (1)
- 5.8.2
- (Tekening van) 'n hond/draak wat vuur gespoeg het.
  - (Tekening van) 'n nar se gesig.
  - (Tekening van) 'n (reuse)-slang.
  - (Tekening van) iets wat soos 'n (groot) Joker speelkaart gelyk het.
  - (Tekeninge van groot ingekleurde) sirkels/vierkante/kruise.  
(Enige EEN) (1)
- 5.9.1 oor die skinderstories praat (1)
- 5.9.2 geluister het na wat ander van hulle gesê het (1)
- 5.10 (Die dominee het gesê) dat dit verkeerd/sonde/van die duiwel was. (1)  
(Of soortgelyk)
- 5.11.1 stasie (1)
- 5.11.2 skuur (1)
- 5.11.3 huis (1)
- 5.11.4 veld (1)
- 5.12
- Die nar het niks aan hulle gedoen nie.
  - Die mense ken nie die nar nie.  
(Of soortgelyk) (1)
- 5.13.1
- Hendrik het 'n vreemdeling gehelp.
  - Hendrik het Manuel beskerm.
  - Hendrik het die geweer teruggegee/situasie ontloot.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.13.2
- Hendrik het Manuel huis toe gedra.
  - Hendrik het vir Katrien gehelp om sy wonde te versorg.  
(Enige EEN) (1)
- 5.14 B 'n hen na te boots. (1)



- 5.15.1
- Manuel het na die sirkus verlang.
  - Manuel kon sien sy teenwoordigheid skep probleme vir Hendrik-hulle.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.15.2
- Manuel was Willem se vriend.  
Manuel het in Willem se lewe gekom om hom te ...
  - leer praat.
  - laat lag.
  - help om selfvertroue te hê.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.16 (Hendrik en Katrien was op pad) (Volstruis)dans toe. (1)
- 5.17
- Emma/Willem/Nollie was saam.
  - Die hele gesin het saamgegaan.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.18
- Mense/Gesinne moet mekaar komplimenteer.
  - Tye saam moet lekker wees.
  - Die gesin moet dinge saam doen.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 5.19
- Die mense het die McDonalds met eiers/tamaties gegooi.
  - Daar was 'n bakleiery by die Volstruisdans.
  - Die McDonalds is weggejaag van die dans af/was nie welkom by die dans nie.
  - Daar is klippe na die kar gegooi.
  - Die McDonalds het verniet mooi aangetrek.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 5.20.1 F Sakkie (1)
- 5.20.2 D Nollie (1)
- 5.20.3 A Willem (1)
- 5.20.4 E Emma (1)
- 5.20.5 C Katrien (1)
- 5.21 Willem:
- Ek identifiseer die beste met Willem, want kinders het my ook al gespot.
  - Ek het ook al weggehardloop as my ma en pa so baklei.
- OF**
- Emma:
- Ek identifiseer die beste met Emma, want my pa wil my ook in 'n verhouding indwing.
  - Ek voel ook soos Emma seergemaak as my pa my kritiseer.  
(Enige EEN of soortgelyk. Moet verband hou met **ongelukkigheid.**) (1)

**[35]****TOTAAL AFDELING B: 35**

**AFDELING C: KORTVERHALE****STORIEJOERNAAL****VRAAG 6: BABY – E. K. M. Dido**

- 6.1 Hulle motor het gebreek/onklaar geraak/was stukkend/het probleme gegee. (1)
- 6.2
- Niemand in die Bo-dorp/sersant het plek gehad nie.
  - Die meisie/Baby en Nooi/verteller was omtrent dieselfde ouderdom.
  - Baby sou 'n maat vir 'n dag of twee hê.
  - Sersant het geweet die mense van die Onderdorp was gasvry/sou vir sersant 'n guns doen.
  - Anders sou Baby en Attie in die polisieselle moes slaap.  
(TWEË redes) (2)
- 6.3
- Haar lippe was bloedrooi.
  - Haar naels was lank en rooi.
  - Haar ooggrimering was baie blou.
  - Haar hare was 'n wilde bos/het haar gesig bedek.
  - Haar (skouerlose) rokkie was baie kort/'n mini.  
(Enige TWEË) (2)
- 6.4 Nqamakwe (1)
- 6.5.1
- Die verteller se ma het (die bure se deftige) koppies geleen.
  - Die verteller se ma het vir haar gaste koffie gemaak.  
(Enige EEN) (1)
- 6.5.2 Ja.
- Dis goed om gasvry te wees.
  - Ordentlikheid is goed.
- OF**  
Nee.  
Jy moenie verplig wees om moeite te doen vir vreemdelinge nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.6 D kulkunstenaar (1)
- 6.7
- (Oom Attie het Sersant gevra om hom te help) om 'n vertoning/show (op die dorp) te hou.
  - Sersant het 'n saal gereël waar oom Attie sy vertoning/show kon hou.  
(Enige EEN) (1)
- 6.8.1 E Nooi (1)
- 6.8.2 C Oom Attie (1)
- 6.8.3 A Ma (1)
- 6.8.4 B Sersant se vrou (1)

- 6.9
- Sersant se vrou kon met Baby gepraat het.
  - Sersant se vrou kon Baby na haar huis toe gevat het.
  - Sersant se vrou kon vir Baby ander klere gegee het.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 6.10.1 Sugar (1)
- 6.10.2 Claudine (1)
- 6.11
- Kinders moet versigtig wees vir vreemdelinge.
  - Mense is nie wie hulle sê hulle is nie.
  - Daar is 'n waarskuwing teen dwelmmisbruik.  
(Of soortgelyk: Enige waarskuwing wat by een van die temas in die verhaal aansluit.)
- (1)
- [18]**

**EN****OP SOEK NA KID KHUMALO – Dolf van Niekerk**

- 6.12
- Sy was 'n diabeet/sy het diabetes 2/suikersiekte gehad.
  - Sy het las van haar bene gehad/ 'n seer aan haar been wat nie wou gesond word nie.  
(Enige EEN)
- (1)
- 6.13 Die Therons kon Johanna ...
- hospitaal/kliniek toe gevat het.
  - help soek het na Kid.
  - na Kid se huis toe gevat het.
  - laat bel het/n telefoon gegee het.
  - 'n beter salaris gegee het.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 6.14
- (By die) hospitaal
  - (By) Kalafong hospitaal  
(Enige EEN)
- (1)
- 6.15
- Hulle pa het net verdwyn.
  - Johanna het hulle sonder hul pa grootgemaak.
  - Hulle pa wou nie hê Johanna moes werk nie, al het hulle nie kos of klere gehad nie.
  - Hulle pa kon nie 'n werk behou nie.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 6.16
- Johanna het haar kinders ondersteun.
  - Johanna het haar kinders alleen grootgemaak.
  - Johanna was bekommerd oor haar kinders.
  - Johanna wou kontak met haar kinders gehad het.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)

- 6.17 D wou nie ander in haar huis hê nie. (1)
- 6.18.1 E Kid (1)
- 6.18.2 C Thomas (1)
- 6.18.3 A Thabo (1)
- 6.18.4 D Frans (1)
- 6.19 **Net Ja/Nee is korrek. (Geen motivering is gevra nie.)**  
Ja.  
  - Frans het Johanna ondersteun.
  - Frans het baie moeite gedoen om Kid te soek.**OF**  
Nee.  
  - Dis 'n moeilike verhouding, want hy het 'n ander gesin gehad.
  - Dit is nie lekker om te weet daar is iemand anders in jou vriend se lewe nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.20  
  - Die voordeur het oopgestaan.
  - Die sleutel het nog in die voordeur se slot gesteeek.
  - Al die goed was op hulle plek/geen teken van inbraak nie.
  - Die ligte het gebrand.
  - Daar was geen stukkende ruite nie.
  - Hulle het ontdek dat Kid nie daar was nie/daar was niemand by die huis nie.
(Enige TWEE) (2)
- 6.21.1 Mamelodi (1)
- 6.21.2 Soshanguve (1)
- 6.22  
  - (Kid is in) 'n tref-en-trap-ongeluk (dood).
  - Hy is dood van die wonde aan sy kop/van die stamp en die val.
  - Die motor het hom gestamp.
  - Kid was in 'n padongeluk.
(Enige EEN) (1)
- 6.23  
  - Johanna/sy ma
  - Een van sy ouers
(Enige EEN) (1)

**[17]****TOTAAL AFDELING C: 35**

**AFDELING D: GEDIGTE****VERSJOERNAAL****VRAAG 7: KONTAK – Theo de Jager**

- 7.1
- (Dis) om in aanraking te kom/om iemand in die hande te kry.
  - (Dis) om te kommunikeer.
  - (Dis) om in verbinding te tree/n boodskap oor te dra.  
(Enige EEN) (1)
- 7.2
- (Met) 'n selfoon
  - (Deur) 'n brief (te probeer skryf)/(met) 'n brief
  - (Deur) die duif (te stuur)/(met) 'n duif  
(DRIE maniere) (3)
- 7.3
- Die spreker se (SIM-)kaart was gekrap.
  - Die spreker se selfoon se batterye was pap.
  - Die spreker het die geliefde gemis.
  - Die boodskap het verdwyn.  
(TWEË probleme) (2)
- 7.4.1   eerstepersoon (1)
- 7.4.2   indirekte (1)
- 7.5.1   C   net verdwyn (1)
- 7.5.2   A   woordelose kontak (1)
- 7.5.3   B   simbool van hoop (1)
- 7.6
- blootgelê
  - uitgespel
  - uitgedruk
  - skoongemaak
  - gevoelens is uitgedruk  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.7
- Ja.
- Die spreker het selfs 'n duif uitgestuur.
  - Die spreker het op drie verskillende maniere probeer kommunikeer.
- OF**
- Nee.
- Die spreker het te veel verskonings gehad/moed opgegee.
  - Die spreker kon nog persoonlike/direkte kontak probeer het.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 7.8 Ja.
- Die spreker was eensaam.
  - Die spreker wou kommunikeer (maar hy het gesukkel).
  - Die spreker het gesukkel om kontak te maak.
- OF**
- Nee.
- Die spreker moes net harder probeer het.
  - Die spreker moes net aanvaar dat dit nie sou uitwerk nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.9 kwatryne (1)
- 7.10 C 'n metafoor (1)
- 7.11
- Maak 'n afspraak met die geliefde.
  - Gaan praat direk/kommunikeer met die geliefde.
  - Stuur 'n geskenk saam met 'n boodskap.
  - Stuur 'n e-pos.
  - Vra om verskoning.
  - Praat die waarheid.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [17]**

**EN****WOORDE – Vincent Oliphant**

- 7.12
- slegte
  - negatiewe
  - gevaarlike  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.13 (Die spreker se woorde kan) sing. (1)
- 7.14 B beskerm (1)
- 7.15 persoonlike (1)
- 7.16 "kaal"  
(EEN WOORD) (1)
- 7.17 My woorde kan nie keer dat ons:
- moeilikheid het nie.
  - probleme het nie.
  - swaarkry nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.18 "glo tog" (1)

- 7.19 Ja.  
 • 'n Mens kry baie meer reg met 'n **sagte** woord (as om te skel/baklei).  
 • Dis beter om vrede te maak (as oorlog).  
 • Versoening is beter (as oorlog).  
**OF**  
 Nee.  
 As mens altyd passief is, verander dinge nooit nie.  
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 7.20 • koeëls  
 • grofgeskut  
 • grense  
 (TWEE woorde) (2)
- 7.21 • Enigeen wat saam met my leef.  
 • Alle mense wat my pad kruis.  
 • Enigeen wat my lewe beïnvloed.  
 (Of soortgelyk) (1)
- 7.22 • Hulle moet van grense vergeet.  
 • Hulle moet bloot mens wees.  
 • Hulle moet medemens wees.  
 (DRIE dinge)  
 (Nie aanhaling uit gedig nie.)  
 (Aanvaar interpretasies van koeëlpunte.) (3)
- 7.23.1 C metafoor (1)
- 7.23.2 D alliterasie (1)
- 7.23.3 A assonansie (1)
- 7.24 Ja.  
 • Die gedig handel oor die digter se woorde.  
 • Die spreker se woorde skakel met versoening en dis waarom die gedig handel.  
**OF**  
 Nee.  
 • Die titel sê nie duidelik genoeg wat die fokus van die gedig is nie.  
 • Die titel is te onpersoonlik en dit moes eerder "My woorde" gewees het.  
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)

[18]

**TOTAAL AFDELING D: 35**  
**GROOTTOTAAL: 70**